## 24 April Lukas 24:1-12

### *Wie rol die klippe weg?*

Dit was baie vroeg die Sondagmôre toe Maria Magdalena, Johanna en Maria met die reukolie op pad was na die graf van Jesus. Vrydagaand was daar nie tyd om Hom te balsem nie. Die hele naweek wag hulle om die eretaak te verrig. Hulle het geweet van die baie swaar klip wat voor die graf van Jesus was. In hulle gemoed het hulle seker baie gewonder hoe hulle dit sou regkry om die swaar klip te verwyder. Hierdie groot klip voor die graf van hulle geliefde Jesus. Hy is nie meer lewend nie, maar dood. Hulle wil die dooie Jesus gaan balsem.

As hulle by die graf kom is die klip klaar weggerol. Hulle probleem het verdwyn. As hulle in die graf ingaan, is Jesus nie daar nie. Dan kry hulle die boodskap: Hy het opgestaan. Dit is waar dat die vroue baie probleme sou hê met die swaar klip voor die graf van die dooie Jesus. Hoe wonderlik dan dat hulle probleem verdwyn as hulle tot die besef kom dat Jesus lewe.

Hoeveel keer is daar in ons lewe groot klippe, struikelblokke wat ons groot bekommernisse gee. Hoeveel keer het ons baie slapelose nagte? Is baie van ons bekommernisse nie dalk die gevolg dat ons op pad is na die graf van Jesus, in plaas daarvan om te weet dat Hy lewe? As lewende Here Jesus is Hy in staat om die grootste struikelblokke soos mis voor die son te laat verdwyn. Glo jy dat Hy lewe en jou lewende Here is?

Sing: Skrifberyming 8:1-4 Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)